Janine Coetzee van There4Bedieninge stuur 'n rukkie gelede vir ons die volgende boodskap van een van hulle vennote in die vervolgde kerk: "Some think my ministry of church planting in die Middle East is dangerous. They don't know danger! What was dangerous was growing up trying to live the Christian life, but rarely opening the Bible! That is dangerous!"

'n Probleem voor die hervorming was dat die Bybel slegs in Latyn beskikbaar was. Daarom kon net die pous en 'n paar professore die Bybel lees. Dit het gelei tot dwaalleer. Luther het die Bybel in 6 weke in spreektaal Duits vertaal. Die hervormers het geglo dat waar die Woord verkondig, geglo en uitgeleef word, daar is die kerk.
Piet Naudé skryf die volgende: "Die kosbaarste besitting van die kerk is die Woord. Waar daar Bybelarmoede is, is daar Godsarmoede. En waar daar Woordgebrek is, is daar waarheidsgebrek, en daarom gebrek aan rigting. En nog erger, waar daar Bybelverlies is, kom daar mettertyd Godsverlies"

**Skriflesing: 2 Timoteus 3 vers 1 tot hoofstuk 4 vers 5**
**Tema: Die Bybel is 'n lig op ons pad (net die Bybel)**

**Ons lewe in 'n donker tyd**
Duisternis van sonde en verval is nie eie net aan ons tyd nie. Daar was al in Timoteus se tyd afvalligheid.

Mense wou hul eie gode wees. Hulle lewens draai om hulself en die bevrediging van hulle begeertes en behoeftes. En hierdie afvalligheid, of dalk eerder oppervlakkigheid, is ook in gemeentes sigbaar. Mense sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God. Hulle sal nog die uiterlike skyn van godsdiens hê, maar die krag van godsdiens sal hulle nie ken nie.
Oppervlakkige godsdiens is presies wat die woord sê. Jesus beskryf dit goed wanneer Hy met die skrifgeleerdes en fariseërs praat: "Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle is soos witgeverfde grafte, wat van buite mooi lyk maar daarbinne vol doodsbene en allerhande onsuiwerheid is. (Matteus 23 vers 27)
Oppervlakkige godsdiens is om die Here te dien soos en wanneer dit my pas. Ek sit vroom in die erediens, maar hoe het ek my gister by die sport of by die braaivleisvuur na die tyd gedra? Oppervlakkige godsdiens is ook wanneer dinge soos kleredrag, tradisies, musiek, die dominee, ensovoorts buite verhouding belangrik raak.

Mense in die donker sal hulle verset teen die waarheid. In hulle verstand is hulle verward en in hulle geloof 'n mislukking soos Jannes en Jambres. Hierdie twee was towenaars van die Farao. Ons lees van hulle in Eksodus 7 tot 9. Hulle kon ook hulle stawwe soos dié van Aäron in slange verander, water in bloed verander en die padda-plaag nadoen. Die ander 7 plae ontbloot hulle as magtelose dwaalleraars. Die derde plaag van muggies beskryf hul al as die vinger van God. Soos in die geval van Jannes en Jambres, sal God weer mense as dwaalleraars ontbloot.

Ons lewe in 'n donker tyd.
**Die donker sal die lig probeer uitdoof. Dit het nog altyd gebeur.**
Wanneer Paulus hier skryf, het hy ter wille van die evangelie by die Jode 195 houe gekry. Vyf maal is hy 39 houe geslaan. Drie maal het die Romeine hom geslaan totdat hulle moeg was. Hy is uit Antogië verdryf. In Ikonium wou hulle hom stenig. In Listra is hy met klippe gegooi en vir dood agtergelaat. Hierdie brief aan Timoteus is sy geestelike testament - sy belangrike laaste woorde. Hy was in die tronk as ter doodveroordeelde, omdat hy bely en getuig het dat Jesus die Here is. In 2 Timoteus 4vers 6 sê hy dat die tyd van sy dood voor die deur is.
Hy skryf vir Timoteus dat ook hy vervolg sal word. "Dít moet jy weet: in die laaste dae sal daar swaar tye kom." (2 Timoteus 3 vers 1) En in 2 Tim 3 vers 12 skryf Paulus: "Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word."
So, en nog meer, sal ons vandag vervolg en bespot word. Ons moet nie toelaat dat dié duisternis ons moedeloos maak nie. Hoe gaan ons dit regkry?

**Ons moet bly leef in die lig. Lees die Bybel. Dit is die enigste boek ter wêreld waar die outeur elke keer teenwoordig is as dit gelees word. .**
Ons lees in 2 Timoteus 3 vers 14-15: "14 Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was 15 en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus."

Die hele Skrif is deur God geïnspireer. Bly by wat jy geleer het. Joodse kinders so vroeg as 5 of 6 jaar oud, het dele van die Ou Testament begin lees en memoriseer. Die Skrif leer dat Christus die enigste Verlosser is. Ons ontvang verlossing deur geloof.

Die Bybel vorm ons denke. Dit bestry dwaalleer en leer ons die waarheid . Die Bybel vorm ons lewenswyse. Dit stel die verkeerde lewenswyse reg en kweek die regte lewenswyse.

**Leer/verkondig die Bybel**
In 2 Timoteus 4 vers 2 tot 3 lees ons: “[2]verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee, [3]want daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor.”

Dit wat verkeerd is, moet ons aanspreek. Ons moet dwaalleer weerlê en bestraf. Dit wat reg is, moet ons uit die Bybel bevestig en beklemtoon. Ons moet bemoedig en met geduld onderrig gee.

En ons moet hierdie dinge met dringendheid en passie doen, want daar sal ‘n tyd kom wanneer ‘n klomp mense nie meer sal belangstel om die waarheid te hoor nie. Hier staan letterlik dat hulle vir hulle predikers sal kry wat vir hulle in die oor krap sodat dit jeuk.

**Leef die Bybel , stel ‘n voorbeeld**
In 2 Timoteus 3 vers 10 roep Paulus die jongman Timoteus op: “Maar jy het my nagevolg in leer, lewenswandel en lewensdoel, in geloof, geduld, liefde en volharding,”

Baie mense lees nie meer die Bybel nie, maar hulle lees ons. As Christen moet ek vir die wêreld kan sê: “Praat, ry, hanteer konflik, vier fees en doen besigheid soos ek dit doen. Volg my voorbeeld in leer, lewenswandel en lewensdoel.”

**Afsluiting**
Duisternis was na die sondeval nog altyd deel van die wêreld. Kinders van God is nog altyd vervolg. In hierdie duisternis, wat net meer sal word, is die Bybel vir ons ‘n lig op ons pad. Bly by die Bybel as die lig van God. Lees dit, leer dit en leef dit.
**Amen**